BYBELSTUDIE OPENBARING LES 21.

In Openbaring 7:1-8 word die gelowiges op aarde op hulle voorkoppe gemerk [simbolies] met die versekering dat hulle aan God behoort. In 7:9-17 verskuif die fokus na die hemel. Dieselfde volle getal Christene ['n groot menigte] is besig om fees te vier en God en die Lam se lof te besing. Die gedagte rondom die twee tonele is vir Christene om weer moed te skep. Dit verduidelik dat die reis op aarde soms moeilik gaan wees, maar die veilige aankoms by God is gewaarborg. Anders gestel: Liggaamlike leed en lyding is steeds deel van die aardse bestaan, maar in beginsel is ons geestelik op pad huis toe. So fokus 7:9-17 op 'n heerlike toekoms wanneer die gelowiges na die verdrukking en vervolging die ewige hemelse toestand binnegaan.

BYBELSTUDIE OPENBARING 7:9-17.

1. LEES: Openbaring 7:9; Levitikus 23:40-43; Nehemia 8:15.
   Die groot menigte staan voor God se troon. Hulle dra wit klere en daar is palmtakke in hulle hand. Wat is die betekenis van die wit klere en die palmtakke?

2. LEES: Openbaring 7:10-11.
   Deur wie word God in hierdie verse geloof en aanbid? Wie verteenwoordig hulle?

Openbaring 7:13-14 is belangrik. Tot nog/tot nou/tot vandag toe/tot op hede is gepraat van die martelare [6:9-11], die verseëldes [7:1-8] en die groot menigte [7:9-10]. Is dit drie onderskeie groepe van wie Openbaring praat of is dit dieselfde mense? Die ouderling se vraag: Wie is die mense met die wit klere aan en waar kom hulle vandaan? lê die verband: Dit is een en dieselfde groep mense.

3. LEES: Openbaring 7:13-14; Daniël 12:1; Matteus 24:21; Markus 13:19.

Die mense met die wit klere aan, kom uit die groot verdrukking. Is die groot verdrukking 'n verwysing na 'n besondere gebeurtenis, of verwys dit na vervolging in die algemeen?

4. LEES: Openbaring 7:14; Romeine 3:25-26; Efesiërs 1:7; 1Johannes 1:7; Eksodus 19:10,14; Jesaja 64:6; Sagaria 3:3.
   Die gelowiges voor die troon het hulle klere gewas in die bloed van die Lam en dit wit gemaak. Hoe moet ons hierdie beeldspraak verstaan?

5. LEES: Openbaring 7:15-17; 22:3; 21:3; 21:6; 21:4.
   In Openbaring 21 vind ons 'n finale beskrywing van die eindheerlikheid wanneer ons vir altyd by die Here sal wees. Die ooreenkoms tussen die visioen in 7:15-17 en die van Openbaring 21-22 is opvallend. Lees bogenoemde gedeeltes en kyk of u die ooreenkoms tussen die twee kan vind. Het ons hier in 7:15-17 ook 'n visioen van die eindheerlikheid?

ANTWOORD.

1. Dit val op dat die groot menigte [dit is al die gelowiges of die verheerlikte kerk] voor God se troon staan. Hulle ontvang die posisie omdat hulle deur die geloof vasgehou het aan die oorwinning van die Lam op Golgota. Daarom dra hulle wit klere. Dit is oorwinningsklere en verkondig hulle geregtigheid en reinheid voor God.
   Die palmtakke in hulle hande simboliseer feestelike vreugde. Die Jode het gedurende die fees van die Tabernakel palmtakke versamel om die tyd wat Israel in tente in die woestyn moes bly, simbolies te herdenk. Tóé het God volledig vir hulle gesorg. So sal Hy ook in die toekoms vir hulle sorg.
2. In vers 10 roep die ontelbare skare dankbaar uit: Ons redding kom van ons God, wat op die troon sit en van die Lam! Hulle loof die ewige plan van God en die verlossingswerk van Jesus Christus.
   In vers 11 antwoord al die engele, ouderlinge en vier lewende wesens deur God te prys.
   Al die engele is God se hemelse boodskappers.
   Die vier lewende wesens verteenwoordig die skepping.
   Die ouderlinge verteenwoordig die kerk.
   Die ganse skepping [hemel en aarde] loof en prys God.
3. Skrifgeleerdes handhaaf twee gedagtes rondom die groot verdrukking van vers 14. Sommige sien die groot verdrukking as deurlopend deur die hele geskiedenis heen. Ander dink eerder aan die finale eindtydse oorlog tussen die gelowiges en die bose magte. Dit is egter duidelik dat die groot verdrukking van ons teks 'n bepaalde gebeurtenis is en wel om die volgende redes:
   - Die lidwoord *die* [die groot verdrukking] baken die verdrukking af as 'n bepaalde afgebakende gebeurtenis.
   - Openbaring self verwys vorentoe meermale na 'n bepaalde groot verdrukking soos in Openbaring 12 waar verwys word na die finale oorlog tussen die gelowiges en die draak. Ons vind dieselfde in 13:7 waar God die dier uit die see toelaat om teen die gelowiges oorlog te maak en hulle te oorwin.

   Die uitdrukking die groot verdrukking verwys dan na die voltrekking van God se oordeel net voordat die einde finaal deurbreek [Dan.12:1; Mark.13:19].
4. In Eksodus 19 lees ons dat Israel hulle klere moes was om gereed te wees vir God se teenwoordigheid by die berg Sinai. Vuil klere en sonde is dikwels met mekaar geassosieer. Deur geloof het mense die verlossing wat God deur Jesus bewerkstellig het, hul eie gemaak en hul klere [lewe] figuurlik gewas. Christus se bloedoffer is immers die losprys vir sonde [Rom.3:25-26; Ef.1:7] en sy bloed reinig ons van alle sonde [1Joh.1:7]. Die gevolg is wit klere wat van oorwinning en heiligheid getuig.
5. Die ooreenkoms tussen die twee visioene is opvallend:
   - Hulle sal God dien [7:15] vind ons in 22:3.

- Hy sal by hulle wees/bly [7:15 vind ons in 21:3.
- Hulle sal nie meer honger en dors kry nie [7:16] vind ons in 21:6.
- Die Lam sal hulle lei na die fontein van die water van die lewe [7:17 vind ons in 21:6.
- God sal hulle trane afdroog [7:17] vind ons in 21:6.

Baie duidelik het ons in 7:15-17 'n visioen van die finale eindheerlikheid saam met God. Hierdie gesig wat Johannes aan ons voorhou, laat ons die verloste skare op die nuwe aarde sien as 'n toekomstige werklikheid. So kan ons wat nog vasgevang is in die wêreldse bestaan, nie net moed skep nie. Ons kan ook reikhalsend uitsien na die ewige saam-wees met God en die Lam.

6. Saam met Openbaring 4-6 is Openbaring 7 'n hoogtepunt en 'n juweel. In 'n sekere sin vat Openbaring 4-7 die hele boodskap van Openbaring saam:
   - God is verhewe in sy heerlikheid [Op.5].
   - Die Lam wat geslag is, sal God se doel met die skepping bereik [Op.5].
   - Hy sal die goddelose oordeel [Op.6].
   - Hy sal sy heerlikheid ewig met sy kinders deel [Op.7].

   So leer ons in Openbaring 7 dat God sy kerk bewaar en hulle in sy ewige heerlikheid inlei.

****